HUISHOUDINGSHULP

Verstek Aflos

WERKGEWER: Wes-Kaap Onderwysdepartement (12maande vaste termyn kontrak)
AANSTELLINGSDATUM: 1 Januarie 2027
SALARIS: Minimum R12 000 pm (soos per WKOD regulasies)

Jan Krielskool is op soek na ’n toegewyde, betroubare en hardwerkende persoon om by ons ondersteuningspan aan te sluit as **Huishoudelike Hulp**. Die suksesvolle kandidaat sal help met leerderversorging, kombuistake, versorgingspligte en algemene huishoudelike ondersteuning om die gladde daaglikse funksionering van die skoolkoshuise te verseker.

Pligte sluit in:

- **Koshuispligte:**
  - Hulp met die versorging en ondersteuning van leerders.
  - Versorging en ondersteuning van leerders met fisiese gestremdhede.
  - Toediening van medikasie soos benodig.
  - Handhawing van netheid en higiëne in die koshuise.

- **Kombuisassistent-pligte:**
  - Hulp met die voorbereiding van maaltye.
  - Bedien van maaltye aan leerders.
  - Hou van die kombuis skoon, netjies en georganiseerd.
  - Skoonmaak en instandhouding van die eetsaal.

- **Algemene Huishoudingshulp pligte:**
  - Skoonmaak van klaskamers, kantore, badkamers en ander skoolfasiliteite.
  - Verseker dat alle aangewese areas skoon en higiënies gehou word.
  - Hulp aan personeel met addisionele take soos benodig.
  - Ondersteuning van die skool om ’n veilige, skoon en sorgsame omgewing te handhaaf.
  - Samewerking as deel van ’n span en uitvoering van take soos deur die bestuur opgedra.
  - Uitvoering van alle pligte volgens die skool se beleid en prosedures.

Minimum Vereistes:

- Aansoekers moet in die Kuilsrivier-omgewing of nabygeleë gebiede woon.
- ’n Graad 12- (Matriek-) kwalifikasie sal ’n bykomende aanbeveling wees.
- Goeie algemene gesondheid en fisiese uithouvermoë is ‘n moet.
- Vermoë om goed met kinders en kollegas saam te werk.
- Betroubaar, verantwoordelik en eerlik.
- Vermoë om verskeie ondersteuningspligte uit te voer soos benodig.
- Bereidwilligheid om volgens ’n veranderende skofstelsel te werk.
- Bereidwilligheid om vir ander kollegas op kort kennisgewing in te staan.
- Buigsaamheid ten opsigte van werksdae en werksure.
- Vermoë om selfstandig sowel as in spanverband te werk.

Werksure:

- ’n Werksweek van 40 uur gemiddeld.
- Werksdae en -ure sal volgens ’n skofrooster bepaal word en sal wissel.
- Aansoekers moet buigsaam wees ten opsigte van werksure en bereid wees om skofte te werk soos vereis.

Indiensopleiding sal verskaf word.

Aansoekprosedure:

Aansoeke moet per hand by die skool ingedien word. Slegs hardekopie-aansoeke sal aanvaar word. Alle aansoeke moet in ’n koevert geplaas word met die spesifieke pos waarvoor aansoek gedoen word duidelik aangedui.

Van die suksesvolle kandidaat sal vereis word om ‘n polisieklaring te ondergaan en om ‘n klaringsbewys van die nasionale register van seks oortreders (NRSO) te verkry. Finale aanstelling is onderworpe aan ‘n skoon rekord. Die koste van die proses is vir die werkgewer.

Sluitingsdatum: 15 November 2026

Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie, Korrespondensie sal beperk word tot slegs gekortlyste kandidate. Indien u geen terugvoer ontvang nie, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol.